Intermediere tipes (Droëland, somerreëgebied)	PAN 3368	'n Toppresteerder in die Oos-Vrystaat. Weerstand teen twee Russiese koringluisbiotipes. Die kultivar is meer geskik vir verbouing in die Sentraal- en Oos-Vrystaat.
Lentetipes (Besproeiing)	PAN 3497	Vir vroeë aanplantings is die medium- tot lang groeier PAN 3497 die nommer een-keuse. Dit beskik oor 'n uitstekende opbrengspotensiaal by vroeë aanplanting en behaal topprestasies in die LNR-Kleingraan se proewe. Dit beskik oor goeie stoelvermoë, graderingseienskappe en toleransie teen streeproes. Die kultivar is vatbaar vir blaarroes.
	PAN 3471	In die medium-groeiklas is PAN 3471 die beste presteerder. Weens sy konstante en betroubare topprestasie oor verskillende seisoene, plantdatums, omgewings en by verskillende opbrengspotensiaalvlakke is PAN 3471 die topkeuse vir die hoofaanplanting in die besproeiingspakket. PAN 3471 beskik oor goeie strooisterkte, staanvermoë en toleransie teen die heersende streep- en blaarroespatotipes.
	PAN 3541 (NUUT)	PAN 3541 is Pannar se nuwegenerasie- mediumgroeiklaskoring. Dié kultivar stel 'n nuwe standaard vir opbrengs in die mediumgroeiklas, wat dit Pannar se nuwe vlagskip sal maak. PAN 3541 beskik oor goeie strooisterkte, staanvermoë en toleransie teen die heersende streep- en blaarroespatotipes.
	PAN 3400	Hierdie is 'n toppresteerder in die medium- tot vinnige groeiklas en 'n goeie keuse vir aanplanting by medium- tot later plantdatums. PAN 3400 met sy korter strooi is geskik vir hoër plantdigthede soos vereis vir later plantdatums, om te kompenseer vir die afname in stoelvermoë namate temperature later in die seisoen begin styg. Ongeag sy groeiperiode, staan PAN 3400 vir geen kultivar terug wat opbrengspotensiaal betref nie. Die kultivar is bestand teen streeproes en matig vatbaar vir blaarroes.
Lentetipes (Wes-Kaap)	PAN 3471	Dit beskik oor 'n hoë opbrengspotensiaal, goeie strooisterkte, staanvermoë en toon goeie weerstand teen heersende streep- en blaarroespatotipes. PAN 3471 is baie goed aangepas vir verbouing onder droëlandtoestande in die Wes-Kaap, soos ondersteun deur sy prestasie in die LNR-proefresultate.
	PAN 3408	Is 'n kultivar met 'n medium-lang groeiperiode, wat stabiele hoë opbrengste oor talle seisoene in die Rûens en Swartland lewer. PAN 3408 is bestand teen streeproes en matig vatbaar vir blaar- en stamroes.



Kerb™ FLO 400 SC HERBICIDE

Control of resistant Ryegrass and other grasses as listed on the label in canola, medics and lucerne.


DOW AGROSCIENCES Southern Africa OFFERS YOU THE SOLUTION TO CROP PROTECTION IN YOUR CEREAL SYSTEMS



Gallant™ SUPER HERBICIDE

Still the reliable grass herbicide that offers you a solution for a wide range of grass weeds in leguminous pastures as listed on the label.

Cereals Systems Portfolio



Derby™ 175 SC HERBICIDE

Control of broadleaf weeds such as Cape weed and small mallow in wheat and oats.



Pallas™ 45 OD HERBICIDE

A post-emergence herbicide for excellent control of Bromus grass (species), Wild oats and other imported annual grasses in wheat.



Broadstrike™ 800 WG HERBICIDE

A safe broadleaf weed herbicide for the use in leguminous pastures as listed on the label, which will fit exceptionally well in with your crop rotation program.

Cereals Systems Portfolio

For more information contact the registration holder: Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd Reg. No. 1967/007147/07 • Paarl (021) 860 3620
Centurion (012) 683 5700 • Emergency No. 082 887 8079 • Maxwell Office Park, Magwa Building, Ground Floor, Magwa Crescent, Waterfall City,
MIDRAND, 1686 South Africa • www.dowagro.co.za

ALWAYS USE AS PER LABEL RECOMMENDATION • Derby™ 175 SC contains florasulam and flumetsulam (Cautious) | Reg. No. L6781 | Act No. 36 of 1947 • Pallas™ 45 OD contains pyroxsulam (Harmful) | Reg. No. L8676 | Act No. 36 of 1947 • Kerb™ FLO 400 SC contains propyzimide (Caution) | Reg. No. L4065 | Act No. 36 of 1947 • Broadstrike™ 800 WG contains flumetsulam (Cautious) | Reg. No. L6180 | Act No. 36 of 1947 • Gallant™ Super contains Haloxyfop-R Methyl Ester (pyridiloxion phenoxy compound) (Caution) | Reg. No. L4962 | Act No. 36 of 1947 • Derby™, Pallas™, Kerb™, Broadstrike™ and Gallant™ are registered trademarks of Dow AgroSciences LLC



Dow AgroSciences

Solutions for the Growing World

©™Trademark of The Dow Chemical Company ("Dow") or an affiliated company of Dow



34 S – Suid-Afrika se hops-sukses



Die noordelike halfgrond se kenners wat in die 1930s gesê het Suid-Afrikaners is van lotjie getik om hops aan die suidpunt van Afrika vir bierbrouers te probeer kweek, moes lankal met die eerste teug van SA Brouery se bier hul woorde sluk. Nie net is die uitdagings van klimaat die hoof gebied nie, maar hedendaagse opbrengs ewenaar amper die beste van die buiteland en die plaaslike hops is bykans siektevry. Boonop onttrek Suid-Afrikaners unieke geure uit die plaaslike hops.

HOPS IS 'N NISPRODUK en een van die vier bestanddele in bierbrou wat sorg vir die kenmerkende bitterheid en geure. Politieke heefhoofde sal nie erkenning gee nie, maar Jan van Riebeeck het reeds die eerste hopsplante as sierstruik gevestig.

Bierbrouer Anders Ohlson het in 1888 hopsplante na streke in Suid-Afrika versprei waar dit moontlik gekweek kon word. Die plaaslike kommersiële verbouing het in 1935 begin en 'n teelprojek in 1936.

Die gewas is baie klimaatsensitief. In die noordelike halfgrond word hops tussen die breedtegrade van 40 en 55 noord verbou. Die noorde se klimaat het ysige winters en daglig wat drie ure



Samuel Rondganger werk die afgelope 23 jaar tydens oestyd op SAB Hops Farms se plaas. Hy is 'n gerespekteerde toesighouer van oesspanne.

langer as in Suid-Afrika is. Warmer wintertemperature en korter daglig was die rede waarom buitelanders so skepties was oor Suid-Afrika se pogings om dit op 34 grade suid (34 S) naby George in die Suid-Kaap te kweek.

Deesdae is die vasberade Suid-Afrikaners se gemiddelde opbrengs 2 100 kg/ha en die internasionale gemiddeld tussen 2 200 en 2 400 kg/ha. Boonop het plaaslike hops veel minder siektes en plaë en unieke geure.

Komersiële hopsproduksie is in 1979 na private produsente uitgebrei waarvan daar tans sewe in die Suid-Kaap is wat die meerderheid hops aan SAB lewer. SAB Hops Farms kweek hops op sowat 162 ha en lewer jaarliks ongeveer 37% of 324 ton. Die private produsente produseer jaarliks sowat 63% of 524 ton wat op 262 ha verbou word. Gesamentlik voorsien hulle sowat 70% van SAB se behoeftes. Die res moet ingevoer word

Die Suid-Afrikaanse Brouery (SAB) het 'n groep joernaliste op 'n inligtingstoer geneem om bier se volledige vervaardigingsproses te leer ken. Aan die einde van 2018 is die joernaliste na die noordelike besproeiingsgebiede geneem waar gars in die Noord-Kaap verbou word. Dit is vanjaar opgevolg met 'n besoek aan SAB se hopsplaas naby George, SAB Maltings se moutaanleg op Caledon en die historiese bierbrouery, Newlands Brewery, in Kaapstad.



Ná oes bly die lang lote se afgesnyde plante in die grond saam met die pale, drade en besproeiingspype. Die plante kan 13 seisoene in die grond bly of totdat produksie afneem.

en die hoeveelheid wissel na gelang van die plaaslike oesgrootte.

Hoewel hopsplante baie gehard is en min bemesting nodig het, beïnvloed droogtes die opbrengs. Die plante kry drupbesproeiing en volgens SAB hopsplase se bestuurder, Lauren Steytler, 'n matige toediening bemesting. Die boerdery is veral in oestyd arbeidsintensief en wanneer die hops begin groei.

Die groeikragtige rankplante ontkiem in Augustus en groei daagliks sowat 10 cm. Om vir Suid-Afrika se korter daglig te vergoed word die plante met

**Hops is 'n vroulike storie
Manlike hopsplante word as "ongewens" beskou en ná
teling "toegesluit" weens die nadele wat hulle
veroorzaak. Slegs vroulike hopsplante word in die
bierbrouproses gebruik.**

kunsmatige beligting op maste geflous. In 'n normale seisoen bereik die plante in Desember 'n hoogte van 6 m en begin dan vertakkings vorm en blom. Oestyd duur sowat 'n maand lank tussen Februarie en Maart.

In die buiteland groei die hopsplante sowat 8 m hoog en dieselfde plant word sowat 30 jaar in die grond gehou en geoes. Ter wille van die plaaslike oesproses wat met handarbeid gedoen word en die kunsmatige beligting, word Suid-Afrika se plante tot 'n hoogte van 6 m beperk. Afhangende van 'n plant se opbrengs word dit sowat 13 jaar lank in die grond gehou en jaarliks geoes.

Hoewel plaaslike plante bykans siektevry is, vereis die Afrika bolwurm, rooi spinmyte en lootvorming (bokhoring) bestuursmaatreëls.

Op internasionale skaal is Suid-Afrika 'n klein rolspeler wat minder as een persent hops produseer. Die unieke geure wat uit die plaaslike hops verkry word, veroorsaak egter dat 'n deel van die oes uitgevoer word. SAB se oesteiken vir 2020 is 1 000 ton waarvan hulle beoog om 250 ton uit te voer.

Die eerste plaaslike variëteit was Southern Brewer. In die 1980s en 1990s is nog drie variëteite plaaslik ontwikkel, naamlik Southern Star, Southern Promise en Southern Dawn. Uit die plaaslike teelprojekte is spesialisvariëteite vir gekeurde bier ontwikkel wat deur mikro- en boetiekbierbrouers gebruik word. Dit sluit variëteite soos Southern Aroma, African Queen en Southern Passion in.

Ongeveer 140 mikro- of boetiekbierbrouers koop jaarliks sowat 22 ton hops by SAB.

SAB se hopsplase lewer jaarliks 'n belasbare inkomste van sowat R99 miljoen en beoog om dit in 2020 tot R130 miljoen te verhoog. In spitsseisoen skep dit sowat 'n duisend werksgeleenthede. ♣



Die ranke word aan 'n ketting gehaak wat dit na rollers met vingers ophys waar die kegels en blare gestroop word en die skoonmaakproses begin.



Ses oeswerkers en 'n trekkerbestuurder stroop twee rye hopsplante terwyl die trekker beweeg. Twee werkers loop voor die wa en sny die plant en toue sowat 'n meter bo grondvlak af. Twee werkers voor in die wa haak die ranke se onderste punt op die wa en die twee agterste werkers in die platforms sny die ranke bo af. Die ranke lê langs mekaar op die wa en word by die verwerkingstoor maklik met 'n kettingtoestel afgesleep.



Caledon se silhoeët word oorheers deur berge, die kerkoring en baie graansilo's. Dit sluit SAB Maltings se 61 buise vir gars en mout in.



Gars kom tot sy reg op Caledon

DANKSY 'N GUNSTIGER SEISOEN vir garsverbouing in die Suid-Kaap kan die Suid-Afrikaanse Brouery (SAB) se moutaanleg op Caledon, SAB Maltings, vanjaar moontlik 'n rekordhoeveelheid van 190 000 ton mout produseer.

Die aanleg se produksie is egter weens die Wes-Kaap se waterbeperkings met 25% ingekort en dit het SAB genoop om vroegtydig die verwagte tekort met ingevoerde mout aan te vul. Terselfdertyd ondersoek die maatskappy alternatiewe waterbronne om minder afhanklik van munisipale voorsiening te wees. SAB se ander moutaanleg in Alrode, Gauteng, werk egter teen volle produksie.

Gars is een van vier basiese bestanddele in bier en word aangevul met water, hops en gis. Die bierbrouproses begin by graan – soos gars – wat met 'n droë en nat proses vermout word en waartydens die stysel in gars omgeskakel word na fermenteerbare suiker. Ensieme word bygevoeg vir die omskakeling na suiker waarna gis in die fermentasieproses help om alkohol daarvan te kry.

SAB het in die sewentigerjare planne begin maak om selfvoorsienend met gars- en moutbehoefte te raak. In samewerking met landboukoöperasies in die Suid-Kaap is Southern Associated Maltsters (SAM) gestig. SAB het die moutaanleg Caledon Maltings in 1980 opgerig om die Suidwes-Kaap se gars te verwerk.

Die aanleg is vergroot sodat 34 000 ton mout jaarliks geproduseer kon word. Dit staan sedert 2005 as SAB Maltings bekend en die aanleg se kapasiteit het tot die huidige 190 000 ton per jaar toegeneem. SAB se ander moutaanleg in Alrode produseer jaarliks sowat 140 000 ton. Caledon se moutaanleg is die vierde grootste van die internasionale biermaatskappy AB InBev se aanlegte.

Eenvormigheid van die grondstowwe, soos die gars en hops wat produsente voorsien, en bestendigheid van die verwerkingsprosesse is deurslaggewend om dieselfde soort bier vir dekades aan bierdrinkers te kan lewer.

Vir SAB Maltings se garsbehoefte maak SAB staat op bykans 400 produsente wat gars van droëlandstreke voorsien en sowat 230 produsente in besproeiingsgebiede. Dit sluit sowat

400 ontwikkelende produsente van Taung en die Wes-Kaap in wat ook mielies voorsien.

SAB bestuur sedert die 1990s 'n suksesvolle garsprojek onder ontwikkelende besproeiingsprodusente in die Taung-distrik. Meer as 'n honderd boere in dié streek voorsien gars en mielies aan SAB.

In die afgelope nege jaar het die tonnemaat wat Suid-Afrika se garsprodusente voorsien, bykans verdubbel. Die bestendige toename is in droogteseisoene, soos 2017 in die Wes-Kaap, met kleiner produksie gestrem. In 2013 was die produksie sowat 230 000 ton gars en in 2015 was dit 340 000 ton. SAB Maltings verwag 458 000 ton van die 2019-seisoen en beplan om in 2021 sowat 475 000 ton te ontvang.

SAB Maltings se eindproduk, mout, word in verpakings van 25 kg vir uitvoer en aan boetiekbrouers voorsien en in losmaat aan sewe SAB-bierbrouerye.

Vir die teling van garskultivars wat aan die vermouters en brouers se vereistes voldoen, maak SAB staat op telers en ander personeel van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Garsteling SABBI. SAB is die enigste biermaatskappy in die internasionale



In een van SAB Maltings se reuse vate verskyn borrels nat gars soos lawa uit 'n aktiewe vulkaan. Gars gaan deur 'n skoonmaak- en verhittingsproses, word geweek en dit ontkiem voordat dit gemaal, gedroog en gegeur word.



Lauren Steytler van SAB Hopsplase by die beheerpaneel van SAB Maltings se Caledon-moutaanleg.



bierreus AB InBev se stal wat 'n landboukundige afdeling het.

By SAB Barley Farms se garsproefplaas naby Caledon word 'n loodsaanleg vir vermomting ingerig sodat nuwe kultivars se eienskappe ontleed kan word. Kultivarontwikkeling en telingnavorsing word ook hier gedoen.

Vir die noordelike besproeiingsgebiede het SAB Barley Farms 'n proefplaas by Hartswater ontwikkel waar SABBI teling, navorsing en saadvermeerdering doen.

SABBI se werk is daarop toegespits om garskultivars met hoë opbrengs en siekteweerstand te ontwikkel waaruit goeie kwaliteit bier geproduseer kan word. Met behulp van tegnologie soos merkerseleksie, DNS-ontleding en dubbele haploïede wil SABBI 'n kultivar se teeltydperk van 18 jaar tot ses verminder.

Frikkie Lubbe, SAB se landboubestuurder in Suid-Afrika, het lof vir die garsprodusente en sê hulle is toenemend tevrede met produsente se bydrae. ♡



Graanboere sê só

DIE MEERDERHEID AFGEVAARDIGES by Graan SA (GSA) se afgelope kongres wil steeds die liggingsdifferensiaal tot niet sien en verkies 'n ander verwysingspunt vir verhandeling.

In 'n elektroniese opname onder afgevaardigdes het 83% produsente gesê Safex se liggingsdifferensiaal moet wegge neem word. Altesaam 87% verkies 'n ander verwysingspunt as Randfontein.

By GSA se wegbreeksessie vir wintergraanprodusente word besprekings oor die liggingsdifferensiaal al hoe korter. Vanjaar is dit beperk omdat gewag word op 'n verslag wat prof Matt Roberts van die VSA in opdrag van GSA saamstel.

Andries Theron, uittredende voorsitter van GSA se wintergraan-spesialiswerkgroep, het in sy groetboodskap gesê hy het vyftien jaar gelede in GSA se bestuur gedink hy gaan "gou" die probleem van die liggingsdifferensiaal uitgeskakel kry. ♡

Voorsaaidag op Langgewens

GRAANBOERE EN BELANGSTELLENDEN het die Swartland Kleingraan-ontwikkelingsgroep (SKOG) se voorsaaidag in Maart 2019 op Langgewens Navorsingsplaas bygewoon. SKOG is 'n vennootskap tussen die Wes-Kaapse Departement van Landbou, Kaap Agri, Overberg en die Proteïennavorsingstigting.

Prof Johan Kirsten was die hoofspreekster en sy tema het oor grondhervorming en onteiening sonder vergoeding gehandel. Benewens hierdie aktuele voordrag het ander sprekers aandag gegee aan landbouverwante sake van die Swartland.

Dr Johan Labuschagne en Izane Crous het die ontwikkeling van stikstof-kopbestedingsnorme op koring en kanola onder bewaringslandboustoestande in die Swartland bespreek. Dr Johann Strauss en Rens Smit se voordrag het oor bewaringslandbou in die Swartland se skalie en sand gehandel. Die weervoorsigte vir 2019 is deur Giel Hugo bespreek. ♡



BULLETIN

Die bepalende faktor

Wanneer dit kom by die effektiwiteit van onkruid-, insek- en swamdoders kan die toediening van hierdie middels die bepalende faktor wees wat onnodige verliese in opbrengste tot gevolg kan hê.

Hier is 'n paar belangrike punte om na te kyk om die beste effektiwiteit uit jou gewasbeskermingsprodukte middels te kry:

Belangrike faktore tydens toediening:

- // Wind, temperatuur en humiditeit;
- // Toedieningspoed;
- // Druk waarteen die bespuiting gedoen word;
- // Gewasteiken en -digtheid;
- // Keuse van spuitpunte; en
- // Groeistadium.

Toestand van spuittoerusting

- // Verwyder die spuitpunte, skerms en inlynsiwwe en maak dit deeglik skoon.
- // Spoel die spuitenk met skoon water uit, sit die spuittoerusting aan en spoel die pype en spuitbalk deeglik uit met skoon water.
- // Met die spuitpunte weer terug, sit die spuittoerusting weer aan en stel die druk vir veld- toediening terwyl die spuitpunte vir eweredige spuitpatroon geïnspekteer word.
- // Vervang enige spuitpunt wat 'n ongewone spuitpatroon verskaf.

Kalibrasie

Spuittoerusting moet gekalibreer word aan die begin van elke groeiseisoen en gereeld deur die seisoen gekontroleer word.

Die proses van kalibrasie:

- // Meet 'n 100 meter strook op die land uit. Gebruik die trekker en spuittoerusting waarmee die bespuiting gaan plaasvind en ry die 100 m. Trekker ry x aantal sekondes aan 100 m. Bv 100 sekondes aan 100 m.
- // Vang die hoeveelheid water op in 'n beker wat een spuitpunt lewer oor 100s. Vir die voorbeeld wat ons gaan gebruik lewer die spuitpunt 2l in 100 sekondes en die spuitbalk is 7 m lank.

KALIBRASIE


Lewering per 100 meter = aantal spuitpunte x lewering per spuitpunt
= 14 Spuitpunte x 2 l
= 28 liter water per spuit

Bereken die spuitvolume in liter per hektaar:

Spuitvolume = 10 000 x totale spuitvolume opgevang in liter
Afstand deur trekker afgelê (m) x totale spuitwydte (m)
= 10 000 x 28 l
100 m x 7 m
= 400 liter/ha

Bereken die hoeveelheid middel wat in die spuittenk gevoeg moet word:

Hoeveelheid middel = Inhoud van spuittenk (liter) x produkdosis
Gekalibreerde spuitvolume l
= 600 l x 2.5 l / ha
400 l x 1
= 3.75 liter



Kies die korrekte SPUITPUNT

Hoe die middel toegedien word, is net so belangrik soos die hoeveelheid. Weet watter tipe spuitpunt word benodig vir 'n spesifieke landbouchemiese middel.

Faktore wat die keuse van spuitpunt beïnvloed:

- 1 Toedieningsmetode (breedwerpig of bandtoediening)
- 2 Metode van werking van die produk (Kontak of sistemies)

Kyk gereeld vir spuitpunte wat verstop is.

Verstopte spuitpunte sal nie net die vloeitempo beïnvloed nie maar ook die spuitpatroon. Hierdie kan dan stroke op die land veroorsaak wat nie behandel sal word nie.

SPUITBALK


Verwys na die katalogus van die vervaardiger van die spuitpunte om te verseker dat die regte hoogte van spuitbalk bepaal word.

Hierdie is belangrik om verlangde spuitpatroon en oorvleueling te verskaf.

Byvoorbeeld 'n padwaaierspuitpunt benodig 30% - 50% oorvleueling om eweredige bedekkingspatroon te verskaf.

SPUIT- VERSPREIDING, duppeldigtheid en druppelgrootte

Watersensitiewe papier kan gebruik word om spuitverspreiding, druppeldigtheid en druppelgrootte te bepaal. Oordosering is 'n mors van produk en sekere middels kan jou gewas beskadig, terwyl onderdosering nie effektief sal werk nie en weerstand tot 'n gevolg sal hê.



Veldbespuiting: stapel watersensitiewe papier op 'n houtplank en sit dit oor 'n enkele rywydte. Los 'n gaping vir die wiele.



In lugbespuiting: plaas watersensitiewe papier teen 2 tot 3 m intervalle oor drie rywydtes. Plaas papier op 'n horisontale oppervlak net-net bo die grond of net bo die gewaskap.



Beter toestande in Swartland laat kultivars uitblink

Kultivar-evaluasie: Resultate van 2018 se koring-evaluasie in die Wes-Kaap

Willem Kilian¹ en Henzel Saul²

¹LNR-Kleingraan Bethlehem

²LNR-Kleingraan Stellenbosch

NA 'N MOEILIKE koringproduksiejaar gedurende die 2017-seisoen en gevolglike totale produksie van slegs 586 000 ton was klimaatstoestande gedurende die 2018-seisoen gunstiger. Die geraamde produksie vir die Wes-Kaap se produksiegebied was in Februarie 2019 op 875 000 ton bereken, ongeveer 46% meer as in die vorige seisoen.

Droogtetoestande het egter steeds in die oostelike dele van die Rûens geheers en opbrengste was aansienlik laer as die afgelope jare se gemiddeld. Die opbrengs wat in die Swartland (gekombineerd) behaal is, was 40% beter as in 2017 en in die Rûens is soortgelyke opbrengste as in 2017 behaal.

Tydens die Nasionale Kultivarevaluasie-werkgroep se vergadering by die LNR-Kleingraan op Bethlehem is een nuwe kultivar, SST 0166, bygevoeg tot die lys kultivars wat vir die Wes-Kaap aanbeveel word. Dié kultivar is in 2018 vir 'n tweede jaar getoets, met uitstekende prestasie in altwee jare.

Twaalf kultivars is gedurende 2018 op altesaam 30 proeflokaleiteite in die Wes-Kaap geëvalueer. In die Swartland is 17 proeflokaleiteite gebruik, terwyl aanplantings op 13 lokaleiteite in die Rûens gedoen is. Die lokaleiteite is uitgesoek om verteenwoordigend te wees van die twee streke se verskillende klimaatsgebiede.

In **Tabelle 1 tot 7** word alle inligting weergegee rakende die prestasie van kultivars wat oor die afgelope vier jaar in die program ingeskryf is. Vir korrekte interpretasie en gebruik is



die inligting ingedeel in die winterreëgebied se verskillende substreke – vier in die Swartland en drie in die Rûens.

LNR-Kleingraan publiseer jaarliks 'n reeks omvattende handleidings wat alle produksie-inligting vir die onderskeie kleingraanproduksiestreke bevat. Hierdie handleidings is middel Maart aan produsente beskikbaar gestel. Die amptelike aanbevelings vir kleingrane en die samevatting van die resultate wat in die 2018-seisoen behaal is, soos goedgekeur deur die Nasionale Kultivarevaluasie-werkgroep, word in die handleidings saamgevat.

Produsente wat nie die publikasie ontvang het nie, is welkom om met Willem Kilian by LNR-Kleingraan in verbinding te tree by 058 307 3498 of per e-pos by: kilianw@arc.agric.za.

Die navorsing is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Wintergraantrust en die Landbounavorsingsraad. ♡

Tabel 1: Swartland hoë reënval

Gemiddelde opbrengs (ton/ha) van inskrywings oor die totale of gedeeltelike periode van 2015 - 2018

Kultivar	2018	R	2017	R	2016	R	2015	R	4-jaar gemiddeld 2015-2018	R	3-jaar gemiddeld 2016-2018	R	2-jaar gemiddeld 2017-2018	R
Kwartel							3.13	7						
PAN 3408	4.36	10	3.32	8	4.35	12	3.12	9	3.79	8	4.01	9	3.84	9
PAN 3471	4.27	11	3.31	9	4.62	4	3.14	6	3.83	7	4.06	8	3.79	11
Ratel	4.52	6	3.42	6	4.47	9	3.02	11	3.86	6	4.14	5	3.97	6
SST 0117	4.75	5	3.54	4	4.72	3	3.19	3	4.05	1	4.34	2	4.14	3
SST 0127	4.83	2	3.20	11	4.59	5	3.13	8	3.94	4	4.21	4	4.02	5
SST 0137					4.85	1								
SST 0147	4.80	3	3.39	7	4.47	8	3.20	2	3.97	3	4.22	3	4.10	4
SST 015	4.50	8	3.43	5	4.42	11	3.19	4	3.88	5	4.12	6	3.96	7
SST 0166	5.05	1	3.63	2									4.34	1
SST 027			3.17	14	4.24	13	3.04	10						
SST 056	4.52	7	3.18	12	4.54	6	2.89	13	3.78	9	4.08	7	3.85	8
SST 087	4.78	4	3.63	1	4.73	2	2.92	12	4.02	2	4.38	1	4.21	2
SST 096			3.26	10	4.45	10	3.17	5						
SST 88			3.62	3	4.50	7	3.29	1						
Steenbok	3.85	12												
Tankwa	4.42	9	3.18	13			2.85	14					3.80	10
Gemiddeld	4.55		3.38		4.53		3.09		3.90		4.17		4.00	
KBV: (0.05)	0.24		0.25		0.35		0.27		0.14		0.17		0.18	

Tabel 2: Middel Swartland

Gemiddelde opbrengs (ton/ha) van inskrywings oor die totale of gedeeltelike periode van 2015 - 2018

Kultivar	2018	R	2017	R	2016	R	2015	R	4-jaar gemiddeld 2015-2018	R	3-jaar gemiddeld 2016-2018	R	2-jaar gemiddeld 2017-2018	R
Kwartel							1.94	14						
PAN 3408	3.69	7	1.93	11	4.26	4	2.33	5	3.05	5	3.29	5	2.81	9
PAN 3471	3.81	6	2.39	2	4.07	8	2.41	3	3.17	2	3.42	2	3.10	3
Ratel	3.64	9	1.94	10	3.56	13	2.17	11	2.82	9	3.04	9	2.79	10
SST 0117	4.49	1	2.15	7	4.34	2	2.43	2	3.35	1	3.66	1	3.32	2
SST 0127	4.01	3	2.09	9	3.87	11	2.09	13	3.01	6	3.32	4	3.05	4
SST 0137					3.92	10								
SST 0147	3.86	5	2.19	4	4.16	6	2.45	1	3.16	3	3.40	3	3.02	5
SST 015	3.68	8	2.13	8	4.01	9	2.41	4	3.06	4	3.27	6	2.91	6
SST 0166	4.43	2	2.65	1									3.54	1
SST 027			2.20	3	4.38	1	2.29	8						
SST 056	3.54	10	1.82	13	4.23	5	2.21	10	2.95	8	3.20	8	2.68	11
SST 087	3.89	4	1.84	12	3.86	12	2.31	7	2.97	7	3.20	7	2.86	7
SST 096			1.71	14	4.29	3	2.16	12						
SST 88			2.16	5	4.07	7	2.31	6						
Steenbok	2.63	12												
Tankwa	3.47	11	2.16	5			2.25	9					2.82	8
Gemiddeld	3.76		2.10		4.08		2.27		3.06		3.31		2.99	
KBV: (0.05)	0.33		0.19		0.34		0.25		0.16		0.18		0.20	

Tabel 3: Swartland Koringberg

Gemiddelde opbrengs (ton/ha) van inskrywings oor die totale of gedeeltelike periode van 2015 - 2018

Kultivar	2018	R	*2017	R	2016	R	2015	R	4-jaar gemiddeld 2015-2018	R	3-jaar gemiddeld 2016-2018	R	2-jaar gemiddeld 2017-2018	R
Kwartel							1.81	4						
PAN 3408	3.08	4	3.80	3	3.70	4	1.73	10	3.08	1	3.53	1	3.44	2
PAN 3471	2.85	9	3.93	2	3.59	8	1.62	14	3.00	5	3.46	3	3.39	3
Ratel	2.96	6	3.23	13	3.44	11	1.69	11	2.83	9	3.21	9	3.09	10
SST 0117	3.24	1	3.44	9	3.70	2	1.81	3	3.05	2	3.46	2	3.34	5
SST 0127	3.18	2	3.56	6	3.28	13	1.78	7	2.95	8	3.34	8	3.37	4
SST 0137					3.44	11								
SST 0147	3.09	3	3.55	7	3.70	3	1.80	5	3.03	3	3.45	4	3.32	7
SST 015	2.93	7	3.71	4	3.52	10	1.92	1	3.02	4	3.39	5	3.32	6
SST 0166	2.97	5	4.26	1									3.61	1
SST 027			3.46	8	3.67	5	1.74	9						
SST 056	2.77	10	3.68	5	3.67	6	1.82	2	2.99	6	3.37	6	3.22	8
SST 087	2.93	8	3.37	10	3.79	1	1.79	6	2.97	7	3.36	7	3.15	9
SST 096			3.23	12	3.58	9	1.66	13						
SST 88			3.25	11	3.61	7	1.77	8						
Steenbok	2.39	12												
Tankwa	2.67	11	3.15	14			1.68	12					2.91	11
Gemiddeld	2.92		3.54		3.59		1.76		2.99		3.40		3.29	
KBV: (0.05)	0.27		0.57		0.33		0.15		0.15		0.20		0.24	

* Slegs Porterville data

Tabel 4: Swartland Sandveld

Gemiddelde opbrengs (ton/ha) van inskrywings oor die totale of gedeeltelike periode van 2015 - 2018

Kultivar	2018	R	2017	R	2016	R	2015	R	4-jaar gemiddeld 2015-2018	R	3-jaar gemiddeld 2016-2018	R	2-jaar gemiddeld 2017-2018	R
Kwartel							1.23	13						
PAN 3408	3.15	5	1.24	9	3.55	8	1.59	2	2.38	4	2.65	4	2.19	5
PAN 3471	3.32	2	1.29	6	3.76	3	1.47	8	2.46	2	2.79	2	2.31	3
Ratel	2.92	10	1.11	14	3.42	11	1.14	14	2.15	9	2.48	9	2.02	10
SST 0117	3.56	1	1.30	4	3.74	4	1.81	1	2.60	1	2.87	1	2.43	1
SST 0127	2.99	8	1.29	6	3.50	10	1.51	4	2.32	6	2.59	7	2.14	6
SST 0137					3.73	5								
SST 0147	2.31	3	1.22	10	3.39	13	1.48	7	2.35	5	2.64	5	2.27	4
SST 015	3.02	6	1.17	12	3.92	1	1.59	2	2.43	3	2.70	3	2.10	8
SST 0166	3.22	4	1.60	1									2.41	2
SST 027			1.30	4	3.62	6	1.39	11						
SST 056	3.01	7	1.18	11	3.60	7	1.41	10	2.30	7	2.60	6	2.09	9
SST 087	2.99	9	1.25	8	3.41	12	1.51	4	2.29	8	2.55	8	2.12	7
SST 096			1.12	13	3.83	2	1.46	9						
SST 88			1.33	3	3.52	9	1.37	12						
Steenbok	2.87	11												
Tankwa	2.53	12	1.34	2			1.51	4					1.93	11
Gemiddeld	3.07		1.27		3.61		1.46		2.36		2.65		2.18	
KBV: (0.05)	0.26		0.15		0.29		0.19		0.14		0.16		0.19	



Kultivar-evaluasie

VANAF BLADSY 23

Tabel 5: Wes-Rûens

Gemiddelde opbrengs (ton/ha) van inskrywings oor die totale of gedeeltelike periode van 2015 - 2018

Kultivar	2018	R	2017	R	2016	R	2015	R	4-jaar gemiddeld 2015-2018	R	3-jaar gemiddeld 2016-2018	R	2-jaar gemiddeld 2017-2018	R
Kwartel							3.04	14						
PAN 3408	3.34	11	2.68	11	4.22	9	3.80	2	3.51	8	3.41	9	3.01	11
PAN 3471	3.61	7	2.82	5	4.04	13	3.72	3	3.55	7	3.49	7	3.21	7
Ratel	3.58	9	2.70	9	4.06	11	3.19	10	3.38	9	3.45	8	3.14	10
SST 0117	3.61	8	2.74	7	4.30	5	3.80	1	3.61	3	3.55	6	3.17	9
SST 0127	3.96	3	2.70	9	4.27	7	3.38	8	3.58	4	3.64	3	3.33	4
SST 0137					4.50	2								
SST 0147	3.77	6	2.89	2	4.53	1	3.55	5	3.68	1	3.73	1	3.33	3
SST 015	4.04	2	2.68	12	4.24	8	3.25	9	3.55	6	3.65	2	3.36	2
SST 0166	4.40	1	3.06	1									3.73	1
SST 027			2.58	14	4.05	12	3.14	12						
SST 056	3.81	4	2.75	6	4.27	6	3.45	6	3.57	5	3.61	4	3.28	5
SST 087	3.52	10	2.89	2	4.39	4	3.70	4	3.62	2	3.60	5	3.20	8
SST 096			2.66	13	4.21	10	3.44	7						
SST 88			2.87	4	4.43	3	3.17	11						
Steenbok	2.59	12												
Tankwa	3.80	5	2.72	8			3.05	13					3.26	6
Gemiddeld	3.67		2.77		4.27		3.41		3.56		3.57		3.27	
KBV: (0.05)	0.23		0.21		0.23		0.35		0.12		0.13		0.16	

Tabel 6: Oos-Rûens

Gemiddelde opbrengs (ton/ha) van inskrywings oor die totale of gedeeltelike periode van 2015 - 2018

Kultivar	2018	R	2017	R	2016	R	2015	R	4-jaar gemiddeld 2015-2018	R	3-jaar gemiddeld 2016-2018	R	2-jaar gemiddeld 2017-2018	R
Kwartel							3.30	14						
PAN 3408	2.16	6	2.35	8	4.93	3	3.85	6	3.32	5	3.14	5	2.25	7
PAN 3471	2.10	7	2.50	4	4.40	12	3.48	13	3.12	8	3.00	6	2.30	5
Ratel	2.08	8	2.21	11	4.60	11	3.74	8	3.16	7	2.96	8	2.14	8
SST 0117	2.36	2	2.76	2	4.73	7	3.93	3	3.44	1	3.28	1	2.56	1
SST 0127	2.23	5	2.46	6	4.89	6	3.92	4	3.38	4	3.19	3	2.34	4
SST 0137					4.71	8								
SST 0147	2.25	4	2.46	5	4.91	5	4.04	2	3.42	2	3.21	2	2.35	3
SST 015	1.97	11	1.98	14	4.21	13	3.52	11	2.92	9	2.72	9	1.98	11
SST 0166	2.61	1	2.40	7									2.51	2
SST 027			2.30	10	4.69	9	3.60	9						
SST 056	2.05	9	2.19	12	4.66	10	3.90	5	3.20	6	2.97	7	2.12	9
SST 087	2.29	3	2.31	9	4.96	1	4.09	1	3.41	3	3.18	4	2.30	6
SST 096			2.52	3	4.92	4	3.85	6						
SST 88			2.83	1	4.93	2	3.60	10						
Steenbok	1.73	12												
Tankwa	2.01	10	2.03	13			3.51	12					2.02	10
Gemiddeld	2.15		2.38		4.73		3.74		3.26		3.07		2.26	
KBV: (0.05)	0.16		0.27		0.36		0.26		0.13		0.15		0.14	


Tabel 7: Suid-Rûens

Gemiddelde opbrengs (ton/ha) van inskrywings oor die totale of gedeeltelike periode van 2015 - 2018

Kultivar	2018	R	2017	R	2016	R	2015	R	4-jaar gemiddeld 2015-2018	R	3-jaar gemiddeld 2016-2018	R	2-jaar gemiddeld 2017-2018	R
Kwartel							3.85	14						
PAN 3408	3.48	9	3.54	11	3.94	9	3.93	12	3.72	6	3.65	5	3.51	8
PAN 3471	3.57	7	3.65	8	3.73	11	4.09	10	3.76	5	3.65	6	3.61	6
Ratel	3.68	4	3.21	14	3.79	10	3.99	11	3.67	7	3.56	7	3.45	10
SST 0117	3.53	8	4.00	2	4.67	2	4.65	1	4.21	1	4.07	1	3.76	3
SST 0127	3.65	5	3.81	4	4.05	7	4.27	8	3.94	4	3.83	4	3.73	5
SST 0137					4.54	3								
SST 0147	3.95	2	3.76	5	4.45	4	4.60	2	4.19	2	4.05	2	3.86	2
SST 015	3.42	11	3.50	12	3.29	13	4.27	7	3.62	8	3.40	8	3.46	9
SST 0166	4.44	1	4.24	1									4.34	1
SST 027			3.27	13	4.02	8	4.24	9						
SST 056	3.65	5	3.70	6	3.71	12	4.30	5						
SST 087	3.78	3	3.69	7	4.29	5	4.48	3	4.06	3	3.92	3	3.73	4
SST 096			3.58	10	4.25	6	4.30	6						
SST 88			3.83	3	4.77	1	4.43	4						
Steenbok	2.70	12												
Tankwa	3.43	10	3.64	9			3.88	13					3.54	7
Gemiddeld	3.61		3.67		4.12		4.23		3.90		3.77		3.70	
KBV: (0.05)	0.28		0.27		0.28		0.27		0.15		0.17		0.20	

ASSESSERING van spuitverspreiding

Hou al die papiertjies genommie. Hieronder is 'n voorbeeld van oordosering aan die linkerkant en onderdosering aan die regterkant.



ASSESSERING van druppeldigtheid

Vergelyk jou watersensitiwe papiertjies met sekere bekende standaarde. Die standaard hieronder wys die aanvaarbare druppeldigtheid vir growwe en medium spuit. Die druppeldigtheid moet nie minder wees as die volgende in die teikenarea nie.

Getal druppels per cm ² *	Tipe bespuiting
20 - 30	Insekdoders
20 - 30	Voor-opkoms onkruidodders
30 - 40	Na-opkoms kontak-onkruidodders
50 - 70	Swamdoders

*1 cm² = 0.155 vierkante duim 1 vierkante duim = 6.452 cm²



Gebruik 'n lens om die druppels te tel. Plaas dit op vier verskillende areas van die papiertjie. Jy kan dan die gemiddelde uitwerk per cm² vir elke spuitmonster.

Watersensitiwe papier kan ook gebruik word om druppelgrootte te bepaal.

Water teen 20 °C en ongeveer 40 % relatiewe humiditeit (RH), en druppels wat die sedimentasie snelheid van die watersensitiwe papier bereik.

Vlekdeursnee van druppel in µm	Verspreidingsfaktor	Druppeldeursnee in µm
100	1.7	59
200	1.8	109
300	1.9	155
400	2.0	200
500	2.1	243
600	2.1	285

Vlekdeursnee = Druppel deursnee
Verspreidingsfaktor

Korrekte toediening en die optimale inspanning van alle tegnologie & toerusting tot beskikking word bepaal deur verskeie faktore. Alle faktore soos hierbo bespreek, moet inaggeneem word met voorbereiding tot toediening, sodat optimale beskerming, werking en effektiwiteit verseker en benut kan word. Sodoende kan die maksimum potensiaal vanuit die produksiesisteem gelower kan word.



Facebook: Bayer Crop Science Division Southern Africa // // // // Twitter: @bayer4cropssa

Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07
Wrenchweg 27, Isando, 1601, Posbus 143, Isando, 1600. Tel: +27 11 921 5002

www.cropscience.bayer.co.za
www.bayer.co.za

Pythium root rot of wheat and barley

Adri Anthonissen and Christian Giesel
SYNGENTA SOUTH AFRICA

The four most common root rot diseases in wheat and barley are *Pythium* root rot, *Rhizoctonia* root rot, *Fusarium* root and crown rot, and take all (*Gaeumannomyces graminis*). All of these diseases are caused by fungi that live in the soil, and of the four a commonly found organism is *Pythium* root rot.

PYTHIUM ROOT ROT OF wheat and barley is caused by several species of *Pythium*. It occurs in most wheat and barley growing areas and is often undiagnosed. This fungus belongs to a group of fungi known as the oomycetes and is common in all cultivated soils. The fungus can live in the soil on crop debris or as hardy oospores for a long time. Once a suitable host plant as well as adequate moisture and climate is present, the oospores become active and produce zoospores that will infect plant tissue. *Pythium* has a preference to juvenile tissue and hardly ever causes death of mature plants.

The disease infects the very young wheat and barley germinating seed and uses the sugars stored in the endosperm as food source, thus weakening the seedling. This infection can lead to the stunting or destruction of the seedlings.

Because the infection takes place at a very early stage, it is not always recognised (Figure 1). Poor germination and emergence can be attributed to other reasons, such as the quality of the seed or other soil borne disease such as *Rhizoctonia* or *Fusarium*. Infected seedlings have a much reduced root system (Figure 2) and this can have a negative effect on water and nutrient uptake and eventually reduce yield.

One of the best ways to achieve this early protection is by treating the seed with a seedcare product that will prevent any infection of the germinating seed and for a period thereafter.

Compounds such as mefenoxam are specifically formulated to control oomycete fungi and are effective in preventing infection by *Pythium* spp. The Syngenta product, Dividend® Extreme, contains two active ingredients (23 g/L mefenoxam and 92 g/L difenoconazole) which provides wide spectrum protection not just from *Pythium* but also several other soil and seed borne diseases. Mefenoxam is highly systemic and will be absorbed by the germinating seed and provides protection of the young seedling in sandy and clay soils (Figure 3 and 4).

The best action to take against *Pythium* root rot is preventative action and this can be achieved by using a reliable seed treatment.

